So is ons verraai (21)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (11)

Indiensneming

i. Daar was in die ganse geskiedenis van Suid- Afrika (en veral ná 1994) geen tydperk waartydens indiensnemingsvlakke van nie-blankes so hoog was as gedurende die eerste dertig jaar van apartheid nie. (Dieselfde geld natuurlik ook vir blankes).

ii. Gedurende die 1960s het feitlik almal werk gehad en indiensnemingsvlakke het tot met die aanbreek van die 1980s hoog gebly. Gedurende 1963 het die staat alleen reeds 212 557 swartes in diens gehad.

iii. Alhoewel die anti-apartheidsveldtog geweldig uitgevaar het teen wetgewing wat aanvanklik sekere ongeskoolde arbeid vir blankes gereserveer het, het hierdie maatreël slegs 'n impak op 'n skamele 2.9% van die arbeidsmag gehad, weens die geringe aanbod van ongeskoolde arbeid deur die wit gemeenskap sedert die 1960s. Hierdie beleid is nietemin in 1978 heeltemal gestaak (*Sadie, Prof. J.* In *Finansies en Tegniek, 7 April 1995; Gann & Duignan: 263*).

iv. Die aantal nie-blanke staatsamptenare het tot 1994 aanhoudend toegeneem — ook in die sg. "apartheid" polisie- en weermagte. Nie-blankes het nie verpligte diens in die veiligheidsmagte gedoen, soos die blankes wat jaarliks vir nasionale diensplig opgeroep is nie, maar het vrywillig aansoek gedoen vir aanstelling in vakatures in die Staande Mag. Teen 1978 het hulle nie minder as 'n kwart van die personeelsterkte in hierdie magte uitgemaak nie. Daar was in werklikheid baie meer aansoeke as vakatures en duisende Swart-, Kleurling-, Indiër- en Boesmansoldate het voortreflike diens tydens die Grensoorlog teen SWAPO en die terreuraanslae van die ANC verrig (*Harrison: 264; Amptelike Jaarboek van die RSA 1980/81: 287-288*).

v. Algemene indiensnemingsvlakke het weliswaar vanaf 1983 vir alle bevolkingsgroepe, en veral Swartes, skerp afgeneem — maar dit was die onvermydelike gevolg van die ANC se besluit om die land "onregeerbaar" te maak en sy volgehoue druk op die internasionale gemeenskap om sanksies en disinvestering teen Suid-Afrika toe te pas.

vi. In weerwil van hierdie struikelblokke het die laaste jare onder blanke regering steeds meer werksgeleenthede aan die Swartman gebied as "demokrasie" en die beëindiging van apartheid. Ten spyte van die opheffing van sanksies en vrye deelname aan die wêreldekonomie sedert die aanbreek van Swart regering in 1994, het die formele ekonomie tot in die jaar 2000 *jaarliks* 'n

fenomenale 100 000 werksgeleenthede verloor (*De Lange, J.* in *Sake-Beeld, 15 Februarie 2000: 2*). Gedurende die daaropvolgende sestien jaar het indiensneming in die land tot sulke rampspoedige vlakke geval dat die syfers vir die jaar 2000 rooskleurig vertoon teen dié van later jare. Volgens die nuwe definisie, wat diegene wat reeds so ontmoedig is dat hulle nie meer werk soek nie, saam met die werksoekende werkloses tel, het die werklose Afrikane vanaf 3.2 miljoen in 1994 tot meer as 7 miljoen in 2013 gestyg. Terselfdertyd het werkloosheid onder jong mense op ’n verbysterende 67% gestaan (*Business Report, 25 April 2014; Jeffery: 396*). Toe die Departement van Landbou in 2011 aansoeke vir 600 poste ingewag het, het meer as 30 000 applikante aansoek gedoen (*Jeffery: 377*) — ’n skreiende aanduiding van hoe vêr die land sedert die dae van apartheid agteruitgegaan het.

Gemengde Swart reaksie op Apartheid: weerstand en samewerking, 1949-1959

Kort nadat die Nasionale Party die bewind oorgeneem het, het die ANC sy weerstand binne wetlike beperkings laat vaar en in 1949 die Jeugliga se Program van Aksie aangeneem. Dit het die weg gebaan vir ’n toekoms van tallose botsings met die gereg tydens onwettige stakings, protesdemonstrasies, boikotte en uiteindelik geweld (*Mandela: 130*).

Apartheid was egter ook die begin van ’n politieke verhouding tussen Swart en Wit op ’n ander vlak. Vroeg in die 1950s het die NP-regering ’n aanvang gemaak met Swart konstitusionele ontwikkeling toe die *Wet op Bantoe-owerhede, No 68 van 1951* deur die parlement geloods is. Hierdie wet het Swart verteenwoordiging in die Wit parlement deur die Verteenwoordigende Naturelleraad beëindig en wetlike erkenning gegee aan tradisionele Swart gesagstrukture op die grond wat deur die 1913- en 1936-wette vir hulle opsygesit is. Dit het ’n geografiese piramiedestruktuur van Swart gesag gevestig, met stamowerhede aan die basis daarvan. Elke stamowerheid het uit ’n kaptein en sy raadgewers bestaan, in ooreenstemming met toepaslike Swart reg en -tradisies. Op die volgende vlak is streekowerhede daargestel, gevolg deur ’n Gebiedsowerheid op die hoogste vlak. Elke opvolgende vlak in die piramide het oor ’n groter gebied gesag uitgeoefen en was saamgestel en geadviseer deur verteenwoordigers van die vlak benede hom. Die lede was almal aangestel volgens Swart gebruike van senioriteit, of is verkies. Al hierdie vlakke van regering het wetgewende sowel as uitvoerende funksies uitgevoer, met toepaslike eerbiediging van die inheemse reg. Dit het egter steeds onder Blanke toesig geskied; en die mate van selfregering was nie duidelik gedefinieer nie (*Department of Information: 35*).

Gevolglik was die volgende stap van die regering die promulgering van die *Wet op die Bevordering van Bantoe Selfregering, Wet 46 of 1959*. Hierdie wet het wetlike masjinerie geskep waardeur die verskillende Swart etniese groepe volledige selfregering kon verkry. (*Word vervolg*).